

Sing vooraf staande: Psalm 119:13, 14 (p. 589)

- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyd.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.
- 14 Dan sal 'k wandel in die ruimte, / want ek wandel in u spoor.
Selfs voor konings spreek ek daarvan / en ek skaam my nooit daaroor.
Aan u wet, my hoogste vreugde, / is my liefde toegewy:
daaraan dink ek, daarna soek ek, / daarin, HEER, verdiep ek my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 135:1, 2 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.

Gebed

Psalm 119:38, 39 (p. 594)

- 38 HERE, ek wyk deur u genade / weg van elke slegte pad;
maar ek wyk nie van u regte, / want hul is my wysheidskat.
Soet soos heuning is u woorde, / soeter, want hul gee my raad;
daarom is 't dat ek van harte / al die valse paaie haat.
- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Skriflesing: 1 Johannes 1:1-10; Heidelbergse Kategismus, Sondag 44:115

Kernvers: 1 Johannes 1:5

En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

(1 Johannes 1:5 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 115: Waarom laat God die Tien Gebooue dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons ná hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).

(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.

Tema: Wat dit beteken om in gemeenskap met God te lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, mense koester allerhande gevoelens wanneer dit by die Tien Gebooie kom. Een van hierdie gevoelens hoor ons in vraag 115 van ons Heidelbergse Kategismus. Vraag 115 sluit in 'n mate aan by vraag 9 in Sondag 4, want onderliggend aan ons vraag vanaand is daar die gevoel by die mens dat God onregverdig is om die Tien Gebooie so streng aan ons voor te hou terwyl niemand dit tog kan onderhou nie. 'n Ander gevoel wat onderliggend is aan vraag 115 is dat dit dan mos onnodig is dat die Here die Tien Gebooie aan ons voorhou. Niemand kan dit in elk geval onderhou nie, daarom hoef die Here nie meer verder sy asem te mors nie.

Maar hierdie gevoelens is nie die enigste gevoelens wat die mens oor die Tien Gebooie koester nie. Daar is nog en ek noem maar net 'n paar. Die eerste een sluit aan by wat ons reeds genoem het, naamlik die antinomianisme – *anti* beteken *teen* en *nomianisme* kom van die Griekse woord *nomos* wat *wet* beteken. 'n Antinomianis sê dat aangesien geen Christen die wet kan onderhou nie en Christus die wet vir ons gehoorsaam het, hy nie meer verplig is om aan die wet gehoorsaam te wees nie.

Dan is daar ook diegene wat sê dat Christene nie meer onder die wet is nie maar geheel en al onder die genade. Daarom het die Tien Gebooie sy seggenskap oor die Christen se lewe verloor. En 'n laaste rigting is dié van die perfeksionisme. Mense wat die gedagtes van die perfeksionisme voorstaan, sê dat 'n Christen reeds in hierdie lewe so heilig kan word dat hy nie meer sonde het of doen nie en daarom ook nie meer die Tien Gebooie nodig het nie.

Hand aan hand met hierdie gevoelens wat mense aangaande die Tien Gebooie huldig, moet 'n mens ook onthou hoe mense hulleself normaalweg sien. Van nature het mense 'n hoë dunk van hulleself. Mense praat graag van hulleself as goeie mense. Niemand sal sommer uit sy eie erken dat hy sleg is nie, want dit is mos nie "in" om so van jouself te praat nie.

En omdat mense meen hulle is goed, minimaliseer hulle sonde. Iets wat vir die sensitiewe gelowige baie erg is, omdat die Here sê dit is 'n verskriklike misdaad, word gewoonlik deur mense afgemaak as iets wat nou regtig nie so erg is nie. Ons kan 'n lang lys maak van dinge wat vroeër deur 'n groot aantal mense as sonde beskou is, maar wat vandag deur baie mense nie as 'n sonde beskou word nie. Hierdie houding ten opsigte van sonde dra nog verder daartoe by dat mense meen daar is eintlik niks verkeerd met hulle nie. Hulle is goeie mense en God kan hulle maar aanvaar net soos wat hulle is.

Deur die profeet Hosea het die Here 'n woord gesprek wat vandag nog net so waar is as wat dit destyds was. Hy het gesê:

My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis. (Hosea 4:6a AFR53)

Die mens wat sy sondige aard nie ken nie en nie besef hoe ernstig dit is om in sy sonde te bly lewe nie, weet ook nie dat Christus op die laaste dag 'n skeiding tussen alle mense gemaak het. Vir dié aan sy linkerhand gaan Hy sê: Gaan weg van My af, en hulle gaan vir ewig in die poel van van vuur gewerp word wat vir die duiwel en sy beseerde engele voorberei is.

Die Here wil nie hê dat mense weens 'n gebrek aan kennis te gronde gaan nie, ook nie weens 'n gebrek aan kennis van hulle eie sondes nie. Daarom hou die Here die Tien Gebooie so streng aan ons voor **sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige**

natuur hoe langer hoe beter kan leer ken, en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek. Hoe beter ons ons sondige aard ken hoe groter is ons verlange na die vergewing van sondes en soek ons na die geregtigheid in Christus. Hierdie kennis spoor ons ook nog meer aan om in gebed te volhard en die Here om sy genade te smeek.

Die Here het ons immers geskep en deur Christus ons aangeneem tot sy kinders om in gemeenskap met Hom te lewe. Om in gemeenskap met God te lewe is die kern van Christen wees. Om 'n Christen te wees beteken nie dat ons 'n klomp reëls moet volg soos op 'n pligtestaat nie. Christen wees is om in 'n intieme en persoonlike verhouding met die lewende God te lewe. Maar om in so 'n intieme en persoonlike verhouding met God as ons Vader en ons as sy kinders te lewe is dit nodig dat ons onself behoorlik leer ken.

Die enigste manier om onself behoorlik te leer ken is om in die skerp lig van wie God is te kom. Iemand wat in 'n donker vertrek is, sal nie kan sien of hy vuil is of nie. Eers wanneer hy in die lig kom, sal hy agterkom hoe vuil hy regtig is. Daarom begin Johannes met hierdie boodskap: God is lig. Vanuit hierdie boodskap wys hy op die implikasies om dan in gemeenskap met die heilige God te lewe. En in die laaste plek wys hy op die foute wat mense maak wat beweer dat hulle in gemeenskap met God lewe.

Johannes skryf:

En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. (1 Johannes 1:5 AFR53)

Die Heilige Gees vestig heel eerste ons aandag op die selfopenbaring van God. Johannes spekuleer nie oor hoe God miskien is nie. Baie duidelik sê hy dat hy self uit die mond van Jesus gehoor het wie God werklik is. En wat hy en die ander apostels gehoor het, verkondig hulle aan die gelowiges. Wanneer 'n mens dus gemeenskap met die lewende God wil hê, moet ons hoor wat God van Homself bekend maak.

Nou moet 'n mens goed oplet wat Johannes onder leiding van die Heilige Gees eerste van God bekend maak. Baie mense sou verwag dat daar sou gesê word: Om gemeenskap met God te hê, moet jy weet dat Hy jou baie liefhet. Maar in plaas daarvan stel hy dit onteenseglik:

God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. (1 Johannes 1:5b AFR53)

Wanneer ons hoor dat God lig is, kan ons vanuit die Skrif verstaan dat God die bron van kennis, verligting en leiding is. Lig kan ook verwys na die heerlikheid van God, soos wat die herders in die nag gesien het toe die engel Jesus se geboorte aan hulle aangekondig het en Paulus gesien het toe die opgestane Jesus aan hom op die pad van Damaskus verskyn het. Maar hier in ons kernvers openbaar God dat Hy heilig is. Hoe kan ons so sê? Omdat die tweede deel van die sin sê dat daar in Hom geen duisternis is. En duisternis wys in hierdie gedeelte na die sonde. Ons hoor dit ook in Jesus se woorde aan Nikodemus:

En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. (Johannes 3:19 AFR53).

Nou kan 'n mens vra: Maar hoekom word daar met die heiligheid van God begin en nie met sy liefde nie. Liefde is tog baie meer aantreklik, redeneer die mense. As God Homself nie as die heilige God bekend maak nie, sou dit vir ons onmoontlik wees om te verstaan waarom die kruis van Jesus Christus juis die kern van God se plan was om mense van

hulle sondes te verlos. As God Homself as die heilige God aan ons bekend maak, word alle valse bewerings van gemeenskap met God ontbloot. Ons hoor van hierdie ontbloting sommer in die volgende verse:

As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.

As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

(1 Johannes 1:6, 8, 10 AFR53).

Wanneer God Homself heel eerste as die heilige God openbaar, gaan ons baie versigtiger wees om God te blameer in tye wanneer ons dit benoud het. Dit is mos die valse verhaaltjie wat die Satan graag in die gelowige se oor fluister wanneer hy swaarkry. Die Satan fluister: Kyk hoe swaar kry jy, dan het God jou mos nie regtig so lief as wat Hy gesê het nie. En wanneer die mens vir hierdie valse gerug val, begin hyself wonder: Waarom laat God toe dat dit met my gebeur? Ek verdien dit mos nie. Maar wanneer ons aan die begin tot die besef kom dat God heilig is, weet ons dat ons veel eerder God se regverdige oordeel verdien as wat ons ooit geregtig kan wees op sy genade en liefde. In die skerp lig van God se heiligheid sien ons ons eie onreg en misdade die beste raak. Dan is 'n mens ook minder geneig om God se handelswyse met jou te bevraagteken.

Dit is ook met die besef van God se heiligheid wat die Heilige Gees ons tot egte vrede en vreugde lei. Daar is mense wat God net as 'n goeie Vaderfiguur sien, want Hy is vir hulle mos net die ene liefde. Die feit dat God heilig is, sny hulle eenvoudig uit hulle verstaan van wie God is uit. Daarom sien hulle ook nie die noodsaak van Christus se kruisiging as die regverdige straf op hulle sondes raak nie, want hulle sondes is mos nie so erg nie. Dit is dieselfde mense wat meen dat God hulle maar kan aanvaar soos wat hulle is, want Hy is mos liefde. So 'n valse vrede gaan 'n mens nie 'n duit help op die laaste dag wanneer Christus op sy regterstoel die oordeel uitspreek nie. Dit is dan hierdie mense met so 'n valse vrede wat sal uitroep:

Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? (Matteus 7:22 AFR53)

Dan sal Jesus vir hulle sê:

Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk! (Matteus 7:23 AFR53)

Die mense wat egter hulle eie onreg en boosheid in die skerp lig van God se heiligheid gesien het, hulle sondes dan berouvol voor God bely het en op grond van Christus se bloed aan die kruis gelowig om vergifnis gesmeek het, hulle sal op daardie dag egte vrede en vreugde hê. Hulle weet verseker dat hulle aan Christus se regterhand staan, nie oor wat hulle vir Hom gedoen het nie, maar oor wat Hy vir hulle gedoen het.

Nou kan 'n mens sê: Goed, dit is in die lig van God se heiligheid dat ons ons sondige aard leer ken. Maar wat het God se heiligheid en die Tien Gebooie met mekaar gemeen? Geliefdes, toe ons sowat 'n jaar gelede Eksodus 19 en 20 bestudeer het, het ons keer op keer gehoor dat God sy eie karakter of wese in die Tien Gebooie openbaar. Kyk 'n mens na Levitikus 19 waarin die Here weer sommige van die Tien Gebooie by sy volk inprent, dan sien 'n mens dat Hy aan die begin van daardie hoofstuk hierdie woorde sê:

Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig. (Levitikus 19:2b AFR53).

In sy wese is God absoluut heilig en Hy ver wag dat die mense wat Hy sy kinders gemaak het ook heilig sal wees. In die Tien Gebooie maak die Here sy heilige wese aan ons bekend. Dus kom ons by die Tien Gebooie in die skerp lig van God se heiligheid wat vanuit tien verskillende hoeke op ons skyn. Dit is in hierdie skerp lig dat ons ons eie sondige aard al beter leer ken. Aangesien God wil hê dat ons heilig sal wees soos Hy, is dit nodig dat ons ons lewe lank in hierdie skerp tienstralige lig van die Tien Gebooie sal bly. Omdat ons in gemeenskap met die lewende God wil lewe, hou ons rekening met sy heiligheid soos wat dit onder andere uit die Tien Gebooie aan ons geopenbaar word.

Wat is die implikasies van God se heiligheid vir die ware gelowige se lewe hier en nou? Die ware gelowige wandel in die lig soos wat God in die lig is. Vir die gelowige is dit aangenaam om in die lig te wees, want dan is hy in die teenwoordigheid van die lewende God. Inderwaarheid wil die ware gelowige graag in die lig wees sodat almal kan sien wat God deur sy Gees al in hom gedoen het. Hoor hoe sê Jesus dit:

Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is. (Johannes 3:21 AFR53)

Dit beteken egter nie dat die ware gelowige nie meer sonde doen nie. Geen mens word op hierdie aarde al sondeloos en volmaak heilig nie. Die leer wat in die perfeksionisme verkondig word is vals. Ons moet eerder mooi luister wat in vers 7 vir ons gesê word. Hulle wat in die lig wandel word deur die bloed van Christus van alle sondes gereinig. Die tydsvorm van die werkwoord wat ons met *reinig* in vers 7 vertaal, sê dit is iets wat aanhoudend gedoen word. Die ware gelowige verlang dus om in die lig te lewe, want daar kry hy die reiniging van sondes wat hy so dringend nodig het.

'n Volgende implikasie vir die ware gelowige is dat hy nie sy sonde ontken nie. 'n Ware gelowige maak nie soos die mense wat sê dat sy sondes nie so erg is nie. Omdat die Heilige Gees hom sensitief maak, begin daar in hom 'n weersin teen die sonde groei soos die weersin teen die sonde wat daar in God self is. Daarom bely hy ook sy sonde voor die Here. *Bely* beteken dus om met God saam te stem dat ons sondes werklik misdade is. As ware gelowiges neem ons dus verantwoordelikheid vir ons sondes en as ons dit bely het, draai ons daarvan af weg. In die geloof omhels ons God se belofte van vergifnis wat Hy ons in Christus skenk en soek ons met groter verlange na die geregtigheid in Christus.

Om na die geregtigheid in Christus te soek is soos wat Johannes net in die volgende hoofstuk sê:

Hy wat sê dat hy in Hom (dit is Christus) bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het. (1 Johannes 2:6 AFR53)

Wie voortdurend in die lig van God se heiligheid lewe, sy sondes leer ken, die vergifnis en geregtigheid in Christus soek, word deur die Heilige Gees verander om al meer en meer die beeld van Christus duideliker in sy lewe te vertoon. Met hierdie verandering gaan die Heilige Gees in die ware gelowige voort ***totdat ons ná hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.***

Ten slotte wys die Heilige Gees ons in die woorde van Johannes op die valsheid van hulle wat beweer dat hulle in gemeenskap met God lewe. Let op dat vers 6, 8 en 10 hierdie valshede bevat. Daar is baie mense wat sê dat hulle in God en in Christus glo. Die 1983-vertaling het dit goed vertaal met *beweer*. 'n Bewering is iets wat 'n mens vanuit sy eie oogpunt sien. Dit is nog nie te sê dat dit die waarheid is nie. Die bewering moet eers met konkrete bewyse waar bewys word.

In die eerste bewering hoor ons dat hierdie betrokke mens beweer dat hy in gemeenskap met God lewe, maar sy daaglikse handel en wandel toon die teendeel. Uit sy woorde en dade kom 'n mens agter dat hy in die duisternis lewe. Hy gaan voort met sy sondige lewe asof dit so hoort. Hoekom? Omdat hy die sonde nie as sonde sien nie, of hy gee 'n ander verklaring vir die dinge wat hy doen en sê. Johannes sê 'n mens wat so maak, lieg blantant en hy tree nie volgens die waarheid op nie.

In die tweede bewering hoor ons daardie valse woorde van die perfeksionisme. Hierdie betrokke mens sê dat hy nie sonde het nie. Wie so 'n bewering maak lieg nou langer nie net meer vir ander mense nie; hy begin nou sy eie leuens glo, want hy bedrieg homself en die waarheid is nie in hom nie.

Die bewerings gaan van kwaad na erger. In die derde bewering sê die betrokke mens dat hy nie gesondig het nie. Nou lieg hy nie meer net vir ander en vir homself nie; hy noem God self nou 'n leuenaar en sy woord is nie in hom nie. In die Woord maak die Here dit baie duidelik dat die mens van nature 'n gebore sondaar is. Daarom het God in sy groot genade sover gegaan om sy eie Seun vir ons oor te gee aan die dood aan die kruis. En omdat dit die enigste betaling is wat God vir hierdie skuld aanvaar het Hy Christus uit die dood opgewek, want Hy het die skuld volmaak met sy lewe betaal. Die mens wat dus nie in die skerp lig van die God se heiligheid wil staan deur voortdurend sy lewe aan die volmaakte standaard van God se wil te toets nie, het vir Christus uiteindelik nie meer plek in sy lewe nie, want hy het kwansuis dan nie gesondig nie.

Geliefdes, wat die Here ook al doen, doen Hy om Homself te verheerlik. Deur sy wet aanhoudend streng aan ons voor te hou herinner die Heilige Gees ons voortdurend daaraan wie God regtig is. Hy is die heilige, regverdige God vol genade en trou. Wanneer die Here aanhoudend sy Tien Gebooie streng aan ons voorhou, is dit ook in een groot stuk genade. Hy het ons geskep en tot sy kinders aangeneem om Hom te verheerlik.

Daarom moet ons in die lig van sy heiligheid kom en daar bly lewe. Dit is die enigste plek waar ons ons sondige aard goed sal leer ken. Met hierdie kennis dryf die Heilige Gees ons na die enigste Verlosser, Jesus Christus, in wie ons die vergifnis en geregtigheid kan ontvang. En sodoende oefen die Heilige Gees ons om sonder ophou met hartlike versugtinge te bid vir die genade van die Heilige Gees sodat die ewebeeld van God in ons vorm kan aanneem en ons ná hierdie lewe in volmaaktheid by Hom kan wees. Mag hierdie vooruitsig ons aanspoor om nooit die Tien Gebooie toe te maak asof ons dit nie meer nodig het nie.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:10, 11 (26:10, 11)

- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewende, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 Februarie 2015**